

25 Julie: Maak tyd vir jou geestelike oefeninge. – Jan van der Watt

1 Kor 9:24-10:13 (fokus 9:24-27)

“My vrou het gesê dat as ek nie ophou golf speel nie, sy my gaan los”, sê ‘n ou eendag vir sy vriend. “Dis jammer”, antwoord die vriend. “Ja, ek gaan haar mis”. Prioriteite in die lewe is belangrik. Snaaks genoeg vra ons nie altyd wat regtig belangrik is nie. Ons spandeer meer tyd aan goed wat minder belangrik is as aan dit wat regtig tel.

Een van die geheime van ‘n normale Christelike lewe is om reg te fokus. Jou prioriteite moet reg wees. Eerste dinge moet eerste kom. Dit is waarvan Paulus praat as hy sê ons moet soos atlete oefen (9:24-27). Destyds het ‘n tweede of derde plek niks getel nie; jy moes wen. Om dit te kon doen, moes jy hard en doelgerig oefen. Jy moes reg eet en om aan die Olimpiese spele deel te neem het atlete partymaal vir maande voor die tyd in oefenkampe gaan bly. Om te kon wen moes jou prioriteite en fokus reg wees. Dit werk nie anders met ‘n mens se geestelike lewe nie.

Ons is dikwels so besig met ons alledaagse ‘golf’ dat ons die Here ‘n bietjie afskeep, nie noodwendig omdat ons dit wil doen nie. Dit gebeur maar, omdat ons nie tyd maak vir ons ‘geestelike oefening’ nie. Ons bedoel om te bid en stil te word, maar voor ons ons kon kry is die dag verby en dan moet die Here met net ‘n kort gebed tevrede wees. As jou lewe so lyk, moet jy weet... jou prioriteite is besig om deurmekaar te loop.

Jou prioriteite moet reg wees – maak genoeg tyd vir jou ‘geestelike oefeninge’.